Wes-Kaapse Regering
Onderwys

GRAAD: 4

VAK: LEWENSVAARDIGHEDE

SKEPPENDE KUNSTE

KWARTAAL TWEE

FORMELE ASSESSERINGSTAAK (FAT) 2

Naam: _____

Klas: _____ Datum: _____

FAT	Aktiwiteit / Vorm	Leerder se punt	Leerder %
2	Uitvoerende Kunste: Dans en Musiek - Opvoering		
TOTALE PUNT = 40			

Neem asb kennis dat óf Uitvoerende Kunste óf Visuele Kuns formeel in ‘n kwartaal geassesseer moet word. Nie albei strome nie.

LEWENSVAARDIGHEDE: SKEPPENDE KUNSTE

FORMELE ASSESSERINGSTAAK: UITVOERENDE KUNSTE

DANS EN MUSIEK

GRAAD 4 **KWARTAAL 2**

NOTA AAN DIE ONDERWYSER:

Die Formele Assesseringstaak is ontwikkel in die vorm van 'n stap-vir-stap riglyn aan leerders. Die aktiwiteite word in die klas gedurende die tweede kwartaal gedoen. Dit is belangrik dat onderwysers die verskillende stappe met die kinders behandel om aktiewe, kreatiewe en kritiese deelname deur die leerders te verseker.

In hierdie aktiwiteit gaan jy die volgende ontdek:

- **Klankprente** wat gebaseer is op 'n tema ('n donderstorm) wat geskep word deur die gebruik van ligaamsperkussie (ons kyk na dinamika, tempo en rimte) sowel as beweging (lokomotories en nie-lokomotories).
- **Ritmiese patrone** (bv. kwartnote, agstenote, halfnote, kwartnootrustekens halfnootrustekens) in tydmaat (2/4, 3/4, 4/4) deur gebruik te maak van ligaamsperkussie en perkussie-instrumente (slaginstrumente)
- **Bewegings** wat gekombineer word met die ritmiese patrone wat vlakke, rigting, ritmes en gewig ontgin.
- Jy gaan ook jou begrip van verskillende nootwaardes wys deur die werkbald op bladsy 6 te voltooi (informele assessering).

1. Ons gaan begin deur 'n donderstorm te skep met ligaamsperkussie. Jou onderwyser gaan jul klas in groepe van vier verdeel.

a) **Groep 1:** Vryf jul handpalms saam in sirkelbewegings (skep so die geluid van klam, mistige reën) - ***'piano'***

b) **Groep 2:** Klap jou vingers op verskillende tye, nie in ritme nie (reëndruppels wat op die venster klap) – ***'staccato'***

c) **Groep 3:** Slaan vinnig met jou hande op jou bobene (harde reëlmatige reënval) ***– 'allegro'***

d) **Groep 4:** Stamp met die voete vinning op die grond (reën en donderweer) ***–'forte', 'allegro'***

- Elke groep moet eers hul deeltjie vooraf oefen.
- Dan speel die vier groepe saam, hou aan daarmee en begin na 'n tydjie om sagter te speel tot daar geen klank meer is nie.
- Kyk nou na die video-uittreksel van 'n groep mense wat 'n storm uitbeeld deur liggaamsperkussie.

p

Piano – sag

forte

Forte = hard





Allegro = vinnig

Staccato = afsonderlike note of klanke

2. Bly in jul groepe terwyl julle bewegings ontdek soos lokomotoriese en nie-lokomotoriese bewegings:

   Groep 1: oordrag van gewig van een been na die ander deur die gebruik van armswaaie

   Groep 2: hardloop in die ruimte en gebruik jou arms om patrone in die lug te teken

   Groep 3: spring en huppel in die ruimte en laat jou arms saam beweeg

   Groep 4: groot spronge met die arms wat in die lug opgegooi word

   Nadat elke groep sy bewegings gedoen het, eksperimenteer met verskillende vlakke, rigtings, ritme en die gebruik van gewig om die dinamika te verander.



3. Jy gaan nou jou **ritmiese patroon** in jou groep speel deur ligaamsperkussie of ander slaginstrumente gebruik.

   - Verdeel in drie groepe. Elke groep moet een van die ritmiese patrone speel.
   - Elke groep kry ‘n kans om hul ritmiese patroon afsonderlik te speel
   - Die groepe speel dan almal saam, elke groep fokus op sy eie patroon.

Groep A

Groep B

Groep C



4. Nadat die ritmiese patroon uitgewerk is, dink aan die bewegings wat jy hierbo in nr 2 uitgewerk is. Skep nou ‘n bewegingsekewens in 4/4-tyd. Fokus daarop om al die beskikbare ruimte te gebruik, gebruik ook oomblikke van stilte en gebare, roep en eggo of ontmoet-en-skeiding (*meeting and parting*).

   Jou onderwyser sal jou opvoering assesseer deur die kriteria in die rubriek hierby te gebruik.

Kriteria	**10 - 8**	**7 - 6**	**5 - 3**	**2 – 0**
Kalnkprente is gebaseer op ‘n tema (‘n donderstorm) deur die gebruik van liggaams-perkussie (fokus op dinamika, tempo, ritme).	Voer met selfvertroue in ‘n groep op met ‘n goeie begrip van liggaams-perkussie (fokus op dinamika, tempo, ritme).	Demonstreer begrip van liggaams-perkussie (fokus op dinamika, tempo, ritme).	Demostreer beperkte begrip van liggaamsperkussie (fokus op dinamika, tempo, ritme).	Baie min begrip van liggaams-perkussie (fokus op dinamika, tempo, ritme).

Gebruik van lokomotoriese en nie-lokomotoriese beweging, fokus op vlakke, rigting, ritme en gewig.	Skeppende gebruik van lokomotoriese en nie-lokomotoriese beweging, gebruik veelvuldige vlakke, verander van rigting, variasie in ritme en gewigs-veranderinge.	Goeie gebruik van lokomotoriese en nie-lokomotoriese beweging, met vlakke, rigting, ritme en gewig.	Sporadiese gebruik van lokomotoriese en nie-lokomotoriese beweging, met basiese gebruik van vlakke, rigting, ritme en gewig.	Baie beperkte gebruik van lokomotoriese en nie-lokomotoriese beweging, met min gebruik van vlakke, rigting, ritme en gewig.
Speel ritmiese patrone in groepe deur ligaamsperkussie of slaginstrumente.	Voer met selfvertroue op in die groep met uitstekende begrip van ritmiese patrone in tydmaat.	Voer op in die groep met begrip van ritmiese patrone in tydmaat.	Wend poging aan om as deel van die groep op te voer met min begrip van ritmiese patrone in tydmaat.	Swak opvoering in die groep, toon geen begrip van ritmiese patrone in tydmaat.
Beweging-sekwens in in 4/4 tyd, ontgin beweging van een punt na 'n ander, stilte, gebaar, roep en eggo, ontmoet-en-skeiding (*meeting and parting*).	Beweging-sekwens is innoverend en demonstreer gebruik van beweging (*travel*), helder oomblikke van stilte, gebare, roep en eggo, of ontmoet-en-skeiding (*meeting and parting*).	Beweging-sekwens demonstreer gebruik van beweging (*travel*), oomblikke van stilte, gebare, roep en eggo, of ontmoet-en-skeiding (*meeting and parting*).	Bewegingsekwens demonstreer sporadiese gebruik van beweging (*travel*), somtyds oomblikke van stilte, gebare, roep en eggo, of ontmoet-en-skeiding (*meeting and parting*).	Beweging-sekwens demonstreer byna geen gebruik van beweging (travel), met min oomblikke van stilte, gebare, roep en eggo, ontmoet-en-skeiding (*meeting and parting*).

MUSIEKWERKBLAD – GRAAD 4 – KWARTAAL 2

NAAM: _____

Kyk na die volgende ritmiese patrone. Hoeveel tellings kom kort in elke patroon?

EXAMPLE:		**ANSWER:** 2
1.		
2.		
3.		
4.		
5.		
6.		
7.		
8.		
9.		
10.		

TOTAAL: _____/10

GEÏNTEGREERDE LEER- EN ASSESSERINGSTRATEGIE

Die leer- en assesseringsproses is geïntegreerd. Assessering is deurlopend en formatief soos wat die onderwyser/es die leerders se ontwikkeling sal observeer en deurlopend leiding sal gee totdat die finale opvoering gedoen word. Die finale opvoering word formeel geassesseer deur die onderwyser met behulp van 'n rubriek.

Vorm van Assessering	Metode van Assessering	Assessering-tegniek	Assessering-instrument
Informeel: Formatief	Self/portuur/onderwyser	Observasie: Klankprent Ritmiese patrone Kreatiewe Beweging Musiek-werkblad	Klaslys wat afgemerk word
Formeel: Summatief	Onderwyser	Finale opvoering	Rubriek

VERSPREIDING VAN KOGNITIEWE VLAKKE

ONTHOU EN VERSTAAN	TOEPAS EN ANALISEER	EVALUEER EN SKEP
Dans- en Musiekelemente.	Toepassing van inhoud in die opvoering. Deurlopende kritiese besinning en toepassing om te verbeter en die opvoering te slyp.	Opvoering: • Klankprent • Ritmiese patrone • Kreatiewe Beweging

(Volgens die Aangepaste Bloom se Taksonomie 1990)